Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 10 Kaapstad, 8 Augustus 1951 Prys 3d. Nr. 36

# O.B.-LEDE UITGESLUIT

**Die leiers van die Afrikanerparty en H.N.P. het verlede Donderdag 'n gesamentlike verklaring uitgereik oor die kwessie van samesmelting. 'n Nuwe party met die naam Nasionale Party word beoog wat van sy lede „onverdeelde trou aan die party as politieke organisasie" eis en waarvan die program van beginsels, wat op die huidige twee partye se beleid berus, deur 'n gesamentlike kommissie geformuleer sal word.**

**Vir O.B.-lede is die belangrikste deel van die verklaring die verwysing na 'n onderneming wat deur lede van die tans bestaande partye onderteken sal moet word voordat hulle as lede van die nuwe party opgeneem kan word. Lede wat bereid is om die bepaalde onderneming te onderteken, sal beskou word as ingeskrewe lede van die nuwe party.**

**Die onderneming is dieselfde as die wat in die H.N.P.-konstitusie verskyn, en wat onder meer lui:**

> **„Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie."**

Die vraag wat elke O.B.-lid dadelik sal stel, is: Aangesien hierdie klousule dieselfde is as die berugte diskriminasie-klousule wat in die verlede deur die H.N.P.-leiding gebruik is om O.B.-lede nie net uit die H.N.P. te hou nie, maar om hul kandidatuur as lede van die Afrikanerparty te verydel, **beteken dit dan dat die diskriminasie teen O.B.-lede gehandhaaf word in die nuwe party? Immers, teen wie is die klousule gemik anders as teen O.B.-lede?**

Hierop werp Die Burger in 'n begeleidende hoofartikel 'n bietjie meer lig.

Die blad verklaar:

### „PRESSIE-GROEPE"

**„Geen groepe of organisasies binne die partyverband is gewens nie, omdat dit net kan lei tot onmin en verdeeldheid tussen Nasionaliste.** Daarom word ook aanbeveel dat elke lid van die Nasionale Party onder meer sal verklaar dat hy geen lid is van enige ander politieke organisasie nie. Besondere standpunte in verband met beleid, programme en organisasie moet deur die ruime kanale van die party gestel word en nie **deur die stigting of instandhouding van ,pressie-groepe' nie."**

Een ding blyk hieruit baie duidelik: **Niemand moet binne die nuwe party toegelaat word solank hy lid is van 'n organisasie met 'n politieke strekking nie. En die bedoeling is om te verhoed dat 'n georganiseerde standpunt, soos byvoorbeeld dié ten opsigte van 'n republiek, binne die party bepleit word.**

(Vervolg op bladsy 6, kolom 1)

# VOLKSBEWEGING MOET NOU PARLEMENTÊRE TERREIN BETREE—SÊ A.K.G.

**Deur die bestendiging van die vyandskap teenoor die O.B. gaan nou 'n nuwe reoriëntering op die gebied van ons politieke stryd ingelui word. Die gebeurtenisse wat mekaar nou gaan opvolg gaan in ons politieke geskiedenis bekend staan as die vrymaking van die nasionale Afrikanerdom van partydiktature. Die deur word nou oopgemaak vir die betreding van die parlementêre terrein deur 'n volksbeweging, ter wille van republiekwording, deur middel van volkskandidate wat parlementêre pligte sal moet aanvaar, verklaar mnr. J. A. Smith, onderleier van die O.B., na aanleiding van die handhawing van die vyandskap teen die republikeinse Ossewabrandwag deur die voorgestelde nuwe party. Hy skryf:**

Die Voorsienigheid het met groot lankmoedigheid telkemale die Afrikanervolk geleentheid gegee om 'n vrye volk, verenigd op eie christelik - nasionale grondslag, te wees. Maar ons is nog so beklemd met vreemde euwels waaronder die mees volkskadelike is die partygesindheid van Britse verordening dat die volk nog steeds by elke God-gegewe geleentheid kies om liewer aan die „vleispotte van Egipte" vas te hou as om sy eie roeping te volg.

Pas 'n tien jaar gelede kon ons 'n sterk verenigde volk gehad het wat hom met sukses sou kon verdedig het teen die vernederende bewind van die Smuts-regering en Britse oorheersing. **Maar H.N.-Partyleiers het verkies om die eenheid wat daar was te verwoes deur eers binne eie geledere te twis en te skeur en toe daarna die kragtigste faktor en steun van die na volksoorwinningreikende volksbeweging te verwerp en te bekamp deur twis, haat en laster en sodoende die nasionale geledere te verswak.**

Hierdie daad, die swartste in die politieke geskiedenis, het indertyd die nasionale Afrikanerdom magteloos op sy knieë voor die jingo-skrikbewind neergevel.

### VYANDSKAP BESTENDIG

En of hulle dit erken of nie, elkeen is tog bewus dat daardie daad wat tans deur die amalgamerende partyleiers gehandhaaf en bestendig word, die Afrikanerdom se vordering op die pad na sy bestemming jare, moontlik geslagte, agteruit gesit het.

**Ek verwys na die handhawing en bestendiging in die amalgamerende partykonstitusie van die uitsluitings- of veto-artikel wat O.B.-lede sonder verbreking en verwerping van hul eed verhoed om lid van die amalgameerde Nasionale Party te word. Wie hom nie vyand verklaar van die O.B. nie, sal nie onder die vaandels van 'n Malan en 'n Havenga ook kan stap nie. Alleen ontroues.**

### NOU DUIDELIK

**Noudat ons versekerd is dat die partye ons nie as lid met behoud van ons O.B.-lidmaatskap wil hê nie, word bokant alle twyfel aan die volk getoon en bevestig wat u tog altyd geweet het, dat die Nasionale Party nie eenheid buite sy eie partygeledere nastrewe nie. Inteendeel. Solank hy as party maar net 'n meerderheid met of sonder die breëre Afrikanervolkswil kry, of, alternatief, die erkende Opposisie van 'n bewindvoerende party kan wees, is hulle tevrede. Verder strek partyideale nie.**

Die verantwoordelikheid teenoor die volk berus gelukkig nie by ons nie. Eenmaal sal die volk wel ontwaak en rekenskap eis.

Maar hierdie uitsluitingstap deur die leiers van beide amalgamerende partye gedoen, gaan nie alleen vir ons volk nie, maar vir die hele Britse Statebond tog verreikende gevolge hê.

### NUWE BEWEGING

**Dit kondig aan die verhaasting van die koms van 'n ander, en hierdie keer, egte nasionale front wat 'n eie orgaan of mondstuk vir volkseenheid en 'n christelik-nasionale republiek op die parlementêre terrein gaan vind. Ek bedoel republikeinse verteenwoordigers in die Volksraad.**

Namens myself as Afrikaner, in my hoedanigheid as 'n verantwoordelike leier van die O.B. en namens die volksbeweging het ek verskeie male in die openbaar byvoorbaat die eenwording van die H.N.-party en die Afrikanerparty verwelkom. Ek het dit om die volgende redes gedoen:

(1) Omdat ek rede gehad het om te veronderstel dat deur sodanige samesmelting: (a) **die stryd teen die volksbeweging beëindig sou word, aangesien lede van die O.B. ook lede van die Afrikanerparty is en almal binne en buite die partypolitieke terrein saam verenigd op elke sektor van die breëre volksfront kon staan; en (b) dit die koms van die christelik-nasionale republiek sou kon verhaas.**

(2) Omdat afgesien van die onderlinge verhoudings van die H.N.-party en die O.B. eenheid van nasionaalgesinde partyorganisasies 'n moontlike waarborg kon wees vir die uiteindelike oorwinning van nasionalisme oor die liberalistiese antinasionale elemente in die partywese in ons land.

### VRY VAN PARTYDIKTATUUR

**Deur die bestendiging van die vyandskap teenoor die O.B. en die ingrawing van die geamalgameerde party in 'n geïsoleerde vesting, gaan nou 'n nuwe reoriëntering op die gebied van ons politieke stryd ingelui word. Hierdie gebeurtenisse wat mekaar nou gaan opvolg, gaan in ons politieke geskiedenis bekend staan as die emansipasie, vrymaking, van die nasionale Afrikanerdom van partydiktature. Die deur word nou oopgemaak vir die betreding van die politieke parlementêre terrein deur 'n volksbeweging (in watter organisasies of groepe die begeerte ookal bestaan) ter wille van die republiekwording deur middel van volkskandidate wat parlementêre pligte sal moet aanvaar.**

**Die tyd van die partydiktatuur wat sê wie en watter kandidate gestel mag word, of nie moet word nie, is nou vergoed verby. DIE VOLK EN NIE DIE PARTY SAL VERTEENWOORDIG MOET WORD IN DIE HOOGSTE RAADSALE VAN DIE VADERLAND.**

### GELEENTHEID

**U het ook nou geen verder veronderstelde verpligtinge hoegenaamd meer teenoor enige party nie. Die drogredenering as sou „jy die Sappe help as jy nie die Nasionale Party help nie," verval — altans laasgenoemde wil u hulp definitief nie hê nie. Hulle maak u nou vry om u eie verteenwoordiging te soek en te vind. En u moet die aangebode geleentheid aangryp.**

Wat nou op die partypolitieke terrein teenoor ons as republikeinsgesinde Afrikaners gebeur, plaas ons in 'n posisie van groter sekerheid wat ons plig en ons plek in die volkspolitieke stryd betref.

As lid van die O.B. en nie ook van die party nie, kan ek desverkiesend net soveel by enige verkiesing as die partyman vir sy party verrig as volksbelange dit vereis. Ek kan desverkiesend sy party doeltreffender van buite dan as 'n dienswillige dienaar van binne steun.

### VRYHEID VAN OORDEEL

Maar ek kan nog meer as nasionaalgesinde O.B. vir my volk doen as 'n ingeskrewe partylid. **Ek kan die Nasionale Party en sy regering steun wanneer hy iets goeds doen of probeer doen, maar ek kan hom ook kritiseer en teregwys as hy iets verkeerds doen.**



MNR. J. A. SMITH

**Buite die ystertralies van partydiktatuur staande, kan ek en u doen wat die partylid nie mag doen nie, naamlik die rege-**

(Vervolg op bladsy 6, kolom 1)

## Dr. Van Rensburg Siek

Na ons verneem is dr. J. F. J. van Rensburg in Pretoria in die bed weens 'n ernstige griepaanval. By ter perse gaan is geen verdere inligting gekry omtrent sy toestand nie.

## Klousule Gemik Teen O.B.

**Die erkenning dat die diskriminasie-klousule wat in die nuwe Nasionale Party se konstitusie sal verskyn, „wesenlik" dieselfde is as die ou diskriminasie-bepaling in die H.N.P.-konstitusie, tesame met 'n honende verwysing na O.B.-offisiere wat dit moeilik sal vind om lede van die nuwe party te word, is vervat in redaksionele kommentaar in Die Durger onder die rubriek van „Dawie."**

Dit lui:

„ . . . **Dit was nie seker hoe hulle (die O.B.-lede) sou reageer op die bepaling dat 'n lid van die eengeworde Nasionale Party moet onderneem om nie terselfdertyd lid te wees van 'n ander politieke organisasie nie.**

**„Dit is wesenlik die bepaling wat tans in die H.N.P. van Kaapland geld.**

„Heelparty O.B.-lede het ten spyte daarvan partylede geword. Blykbaar beskou hulle die O.B. nie as 'n „politieke organisasie" nie, en ek glo die party maak ook maar oë toe. In die meeste dele van die land bestaan die O.B. eenvoudig nie langer nie. Daar is nog 'n amptelike orgaan, maar dit lyk nie of baie mense dit nog lees nie. Af en toe haal die Engelse pers iets daaruit, net soos uit adv. Pirow se ,Nuusbrief' ten einde anti-Nasionale propaganda daarmee te maak.

**„Ek hoop dat die eenwording van die H.N.P. en A.P. ook sal beteken, so nie die formele ontbinding van die O.B. nie, dan tog sy verdere wegsmelting. Dit is swaar vir mense wat ,generaals' en ,hoofkommandante' was om gewone lede of bestuurslede van Nasionale Partytakke te word. Maar selfs 'n gewone partylid, ingeskakel by 'n lewendige tak, het groter invloed in die sake van die land as 'n ,generaal' sonder troepe."**

**Uit bostaande kommentaar blyk dit afdoende dat die diskriminasiebepaling gemik is teen die Ossewabrandwag.**

DIE O.B., WOENSDAG, 8 AUGUSTUS 1951

# MAATREËLS OM AAN BEWIND TE BLY

Die Cape Times verknies hom oor die uitlating van dr. Karl Bremer op Uitenhage dat die Herenigde Party stappe doen om te verseker dat hy nog „jare en jare" aan bewind sal bly. Met dieselfde skynheiligheid waarmee politici hul woorde saam met hul sitplekke omruil wanneer die opposisie na 'n verkiesingsoorwinning oorstap na die regeringsbanke, probeer die blad in hierdie erkenning 'n unieke H.N.P.-sonde te ontdek. **Asof elke politieke party wat aan bewind kom nie elke maatreël binne die koukus behoorlik afweeg met die gewig van partybelang nie!**

Wat het die Verenigde Party gedoen toe hy aan bewind was? Een van sy voormanne het tydens die oorlogsjare selfs openlik aangekondig dat sy party die Afrikanerdom sal toeploeg met 'n paar miljoen immigrante. By 'n dreigement het dit ook nie gebly nie. Die oorlog was nouliks afgeloop toe Britse immigrante by die tienduisende ingeskeep is vir Suid-Afrika terwyl soveel Duitsers as moontlik aangekeer is vir verbanning na Duitsland. So gretig was die Verenigde Party om die Afrikaner toegeploeg te kry dat sy leier selfs geen keuring wou toelaat nie—die goeies sowel as die slegtes het hy by name uitgenooi om na Suid-Afrika te stroom.

Dieselfde geld vir die skole. Terwyl Engelse onderwysers hulle ten gunste van moedertaalonderrig uitlaat, is dit die politici van die Verenigde Party wat een stryk deur agiteer teen die Transvaalse maatreël wat belet dat kinders van een taalgroep in 'n skool van die ander taalgroep opgeneem word. Net soos die Verenigde Party sy stemvee aansuiwer uit oorsese bronne, so word die onderwysbeleid ook naarstiglik ingerig ooreenkomstig die moontlike stemmewins wat die skole vir die party kan lewer.

## STEEDS AGTERUIT

**Maar eienaardig genoeg, hoewel alle partye aan bewind hul posisie ten volle benut om te verseker dat hulle „jare en jare" daar sal bly, het geen party in die Britse stelsel nog ooit daarin geslaag om die resep vir ewigdurende bewind te ontdek nie. Juis wanneer 'n party alle moontlike stappe gedoen het om te verseker dat hy nog „jare en jare" aan bewind sal bly, is dit asof die kiesers ewe plotseling vir hom moeg word—miskien juis omdat hy te veel aandag skenk aan bewindsversekering en te weinig aan landswelvaart.** Dit was kort na die oorlog so in Brittanje waar Churchill, in plaas van as oorwinnaarsheld deur sy volk in triomf ontvang te word, op verpletterende wyse deur die kiesers verwerp is. Dit was so ook in ons land waar die „Oubaas" van oorlogsverering ewe onverwags in 1948 van 'n tweederde-meerderheid in die Parlement tot 'n nederlaag gegly het—ondanks die „goeie en slegtes" wat intussen uit Brittanje aangekom het as stemversterking.

Wanneer 'n politieke party voel dat die grond onder sy voete begin pad gee, bly daar net een hulpmaatreël oor om sy bewind nie vir „jare en jare" nie, dog net vir 'n paar jaar uit te rek, en dit is om 'n verkiesing te hou voordat sy termyn verstreke is. So het Attlee verlede jaar met 'n vervroegde verkiesing net-net daarin geslaag om 'n nederlaag af te wend—nadat hy die vorige verkiesing met 'n tweederde-meerderheid gewen het—en so hoop, volgens gerugte, die Malan-regering om sy lewe met 'n vervroegde verkiesing aanstaande jaar te verleng voordat hoë lewenskoste dit afknip.

## WAT NODIG IS

As dr. Bremer en sy party iets meer tasbaar vir die volk wil gee as maatreëls wat sal verseker dat die H.N.P. nog „jare en jare" aan bewind sal bly—ten spyte van die noodwendige feit dat die Britse stelsel so iets onmoontlik maak—**dan moet hulle so gou as moontlik die nodige staatkundige hervormings teweegbring wat sal verseker dat nie 'n politieke party nie, maar die volk as sodanig permanent aan bewind sal bly. Ons volk het onder sy eie stelsel net een soort bewind geken en dit was die volksregering. Of daar nou ook al nuwe persone aangewys is om die amp van president of volksverteenwoordiger te beklee, aan die karakter of wese van die bewind het dit geen verandering teweeggebring nie—hulle was almal dienare van dieselfde volk. Hulle het dus ook geen rede gehad om hulle kragte te verspil met maatreëls wat moes verseker dat hulle „jare en jare" aan bewind bly nie. Die blote gewetensgetroue vervulling van hul taak en die konsekwente uitvoering van die volksbeleid, was genoegsame waarborg vir hul handhawing, soos onder meer geblyk het in die geval van 'n man soos Paul Kruger wat vir meer as twintig jaar deur sy volk in regerende hoedanigheid gebruik is, en wat, te oordeel na die laaste verkiesingsyfers, nog steeds in gewildheid toegeneem het.**

Wat vandag veel meer nodig is as maatreëls om vir „jare en jare" aan bewind te kan bly, is 'n stelsel waar die volk weer regstreeks in die bewind verteenwoordig sal wees in plaas van deur middel van agentskappe in die vorm van georganiseerde en wedywerende partye, wat uiteindelik, in hul poging om aan bewind te bly, selfs die seun van die eienaar doodslaan—soos in die geval van die Bybelse gelykenis.

# Van Die Os Op Die Esel

## Deur Sybrand

### *Die Tonge is Losgemaak*

Die brief van mnr. Johan Fischer van Carolina, wat ek voorverlede week gepubliseer het, het my lesers se tonge losgemaak. Uit Middelburg in die Transvaal en Robertson in Kaapland het lesers geskryf om op mnr. Fischer se vrae te antwoord. My lesers se reaksies het my hart baie goed gedoen. Hulle het vir die soveelste keer bewys gelewer dat in die harte van sy lede die vuur vir die Ossewabrandwag nog helder brand. Ek is jammer vir die man of die party wat dink dat die Ossewabrandwag gedaan is en dat daar maar met die beweging „gemors" kan word. Vir daardie man of vir daardie party wag daar 'n nare ontnugtering. Daar is duisende lede van die O.B. wat siek en sat is van niksdoen en wag op die tegemoetkomendheid wat die politieke partye nooit teenoor die O.B. openbaar. Hierdie troue brandwagte is lankal vies omdat die ideale van ons volk een na die ander verkwansel word, en hulle is gretig om opnuut en met geesdrif te veg vir die behoud van die tradisionele Afrikanerkoers en vir die bereiking van ons volk se bestemming.

Die Ossewabrandwag se stilte, is die stilte voor die stormloop!

### *Die O.B. Stry in Stilte*

My leser uit Middelburg — „Rampokker" het hy hom gedoop — skryf soos volg:

Ek voel of ek vanaand sommer baie lekker kan gesels.

Ek wil graag op neef Johan Fischer van Carolina, se brief wat verskyn het in u uitgawe van 25 deser, antwoord, sonder om enigiets aan of af te doen op u antwoord aan hom, want u antwoord is so reg soos 'n koeël.

Sy eerste vraag „wat doen die O.B. vandag?" sal ek links laat lê, want die O.B. stry in stilte, en die stryd bly fel.

Maar op sy tweede vraag „wat doen lede van die beweging?" is so reg in my kraal en ek wil na die geleentheid gryp om vir neef Fischer te sê wat die lede van die beweging doen:

### *Ons Versaak ons Pligte*

Ten eerste, ons versaak ons pligte. Ons trek skouers op. Ons is wel nog besiel deur die vuur van die O.B. wat sedert sy stigting in ons gebrand, het maar . . .

Nouja, agter hierdie „maar" lê dinge soos gerustheid, verfloude belangstelling, luiheid of „moegheid," miskien suinigheid, en baie van hierdie soort dinge, en ten slotte, bangheid. Ons is nog beheb met daardie bangheid, daardie skuheid, daardie vrees vir agtervolging en vervolging, van beloering en beluistering en beskindering van die internerings- en rampokkersjare. Ons is bang vir ons base, ons is bang ons sal geviktimiseer word, ons werk verloor. Ons is ook bang — en ergste van alles, ons is skaam — dat ons vriende of familielede wat partyaanhangers is, moet weet ons is lede van die O.B.

Ons is nog O.B. in murg en been, maar die K.G. is nie die man nie, die K.G. het met Smuts geskakel, die K.G. het die O.B. mislei en selfs verraai . . . Ons het 'n persoonlike aksie teen 'n ander O.B.-lid of offisier, en „as die O.B. sulke mense in sy geledere het, wil ons liewers niks met die O.B. te doen hê soos hy nou is nie . ."

Nouja, ondervra maar vandag al die O.B.-gesindes, en selfs die meeste van die lede — ek bedoel hierdie onbetaalde lede — wat nòg heet nòg koud is, en u sal al hierdie punte onder ons kry.

### *Die Gideonsbende*

Ten tweede. Wat die lede van die beweging doen? Ek sal u sê wat ons hier doen, so naby aan Carolina, en ek hoop neef Fischer gaan die lampie daar in Carolina ook aan die brand steek, en ek hoop daar is nog ander kommando's wat dit ook reeds doen.

O.a. het ons hier twee groepe lede: aktiewe en onaktiewe lede. Laasgenoemdes is dies wat òf „bang" is soos hierbo beskryf, òf weens die aard van hulle werk nie in staat is om mee te doen aan ons maandelikse bedrywighede nie, maar nie aarsel om bydraes te skenk as hulle daarom gevra word nie; hierdie groep is ook staatmakers.

Dan het ons die aktiewe lede. Hoewel 'n Gideonsbende, verrig ons soms wondere. Die eerste Woensdagaand van elke maand kom ons byeen, beurtelings by die huise van die verskillende lede, maar meestal by ons hoofkommandant — ons het reeds besluit om verrassingsbyeenkomste te gaan hou by die huise van sommige van die vroeëre warmlede.

### *Die Kwansel-aande*

Elkeen bring iets saam om te verkwansel: 'n bottel ingelegde vrugte, 'n botteltjie konfyt, 'n pakkie lekkers, bietjie droë beskuit, of enige hoeveelheid ander versnaperinkies, 'n mooi almanakprentjie netjies geraam, 'n skilderytjie, 'n tafellappie, 'n halfdosyn eiers, selfs 'n bottel melk, ja enigiets wat maar gebring wil word solank dit ruilwaarde het. Ons is gewoonlik om agt of half-agt bymekaar. Ons open en sluit met gebed. Intussen handel ons sakies af wat op die agenda mag wees, lees en bespreek hoofkwartieromsendbriewe, neem die nodige besluite, skerts, gesels, lag en maak grappies en bietjie musiek en veil dan die kwanselwaarde onder ons op. Dit gebeur soms dat ons drie of vier pond per aand tussen ons ses of agttalletjie in! Hoe lyk dit?

'n Sommetjie vir die kas, waarvan 'n deel later aan hoofkwartier gaan, en sommer 'n baie genoeglike en plesierige aand . . .

### *Die Klein Bietjies Suurdeeg*

Af en toe stuur die kommandant so 'n „skakel"-omsendbrief aan elkeen wat maar enigsins O.B. voel. Dis vir die ontvangers daarvan om daarop te reageer.

Neef Fischer kan van Sentrale Hoofkwartier, Posbus 1230, Pretoria, O.B.-skryfblokke en bypassende koeverte en ook silwer wapentjies bestel om daar te verkoop — en die opbrengs aan hoofkwartier stuur — waarheen hy ook sy ledefooie kan stuur.

Oom Sybrand, ek sê, ek voel sommer lekker om te sien dat hier in my buurdorp ook nog 'n staatmaker is wat hom nie op bestaande sake verlaat nie, of daarin berus nie, maar wat soek na die skakel van die ketting wat losgeglip het. Ons moet maar die reddingsgordels uitgooi sover en soveel ons kan . . . Dit kos net 'n klein bietjie suurdeeg om 'n skottel deeg te laat rys. Elke Gideonsbende is 'n stukkie suurdeeg.

### *Brandwag by die Ossewa*

Uit Robertson skryf mnr. P. W. Kloppers:

Na aanleiding van die brief van mnr. Johan Fischer, Carolina, oor (1) wat doen die O.B. (2) en die lede van die beweging en die kommentare daarop, mag ek ook iets sê? Die O.B. is die lede en die lede is die O.B. en die twee vrae kom neer op net een ding, naamlik wat doen die Ossewabrandwag. My antwoord is kort en beslis, ons staan brandwag by die ossewa en 'n brandwag rumoer nie as die osse van die juk af is nie en daar word gerus nie; én, wanneer dit so stil is, en die vyand weet daar word op sy bewegings geloer en gelet dan voel hy bra onrustig.

Ons vyande, die partye, en veral hul leiers, is studente van die O.B.-blad. Vra maar vir mnr. Lawrence waar hy gelees het van die kwessies van die A.K.G. vir 'n republiek wat hy sou trek vanaf die Kaap tot in Pretoria, en as dit sou neerkom op 'n vuishou of sambok is hy ook daarvoor reg. (Ons bring hulde, A.K.G.). Dit is politieke partye wat vra wat maak die O.B. want van niks is hulle meer seker nie as dat hulle te alle tye en onder alle omstandighede beloer word deur die O.B. wat aan sy kant het die Vrouemonument met sy 26,000 slagoffers en die Voortrekkermonument wat 'n ewige bedreiging en gevaar is vir die partye.

### *O.B. Beloer die Partye*

Ons, die O.B., beloer hulle, hoedat hulle probeer het om partypolitieke munt vir hulle te slaan uit die onthulling van die Voortrekkermonument. Ons beloer hulle en sien dat die wapen van die voortrekkers toe hulle hul bestemming bereik het en 'n republiek gestig het onder die leuse „Eendrag Maak Mag," by die baie en kostelike panele van die monument gemis word. Vir my as O.B. was die onthulling 'n blote klug en op ons tyd sal die O.B. die republiek se wapen „Eendrag Maak Mag" op 'n merkwaardige plek aanbring waarsonder die monument nooit voltooi sal wees nie, en dan, ja, dan eers sal die onthulling van die monument plaasvind van volksweë, en nie ten einde partysterktes te meet soos in die vorige geval toe mens onder groot banieropskrifte in Die Burger kon lees van die baie hoor-hoors vir dr. Malan teenoor die geboe vir genl. Smuts.

Ons as O.B. beloer die regering vir die hulde wat hulle bring aan Indië as republiek binne die Britse Statebond, by name drs. Malan en Dönges. Ons wil nog sien die twee rye spore wat hulle gaan loop as Indië besluit om uit te tree uit die Statebond.

### *Vluggies na Koning se Paleis*

Ons wil nog sien en hou hulle dop hoe anti-kommunisties hulle is teenoor die Russiese gesantskap in Pretoria en of hulle reken dat Pretoria nie in ons land is nie.

Ook of die uitdeel van die volk se geld onder hulle, vry van belasting, net so anti-kommunisties is as wat hulle voorgee hulle is.

Ons hou die Regering dop as brandwagte in hoeverre hulle hulp of verset verleen aan die boikot-beweging teen die Asiate wat met die een hand hier hope geld maak en met die ander hand ons boikot.

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# NOG NOOIT IS KRUISIE VIR REPUBLIEK GETREK

**Daar het baie belangrike politieke verskuiwings in ons land plaasgevind wat noodwendig verreikende gevolge moet hê, het mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B., gesê tydens 'n besoek aan die Upingtonse generaalskappe.**

**In die eerste instansie het die regeringsparty afgedwaal van die koers wat hy in die oorlogsjare en gedurende sy opposisieskap gevolg het en hy het geleidelik ingeskuif in die plek wat die ou Sap-party altyd in Suid-Afrika volgestaan het. Die opposisieparty het op sy beurt so ver weggeskuiwe van sy ou staanplek dat hy 'n splinternuwe liberalistiese party geword het. As gevolg van die regeringsparty se verskuiwings is daar op die parlementêre terrein vandag geen organisasie wat die onvervalste nasionale republikeinse beginsels van ons volk bely en nastreef nie. Hierdie leemte sal die O.B. onvermydelik moet opvul, want die O.B. is die enigste politieke organisasie wat nog trou is aan daardie gewyde Afrikanerideale waarvoor soveel gely en gestry is — tot so kort gelede nog as gedurende die Tweede Wêreldoorlog.**

**Die groot verskil tussen Nat en Sap was al die jare geleë in hul verskillende gesindhede teenoor Brittanje en Suid-Afrika. Die Sap was die man wat die Britse konneksie wou handhaaf sodat Suid-Afrika Brits kon bly en die Nat was die man wat die Britse konneksie wou knip sodat Suid-Afrika republikeins kon word.** In sy opposisiedae het die huidige regeringsparty kragtig gepleit vir die verbreking van die Britse konneksie, maar vandat die party Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse regering geword het, verkondig die partyleier dat Suid-Afrika 'n koninkryk in die Britse Statebond wil bly en hy beveel selfs by republikeinse Afrikaners aan dat as Suid-Afrika ooit eendag 'n republiek wil word, dan moet die Britse konneksie gehandhaaf word. **In sy opposisiedae het die leiers van die regeringsparty vir hulle volgelinge gesê dat die weg van Ierland na 'n vrye republiek buitekant die Britse Statebond gevolg moet word. Vandat hulle Sy Majesteit se ministers geword het sê hulle vir hulle volgelinge dat die weg van Indië na 'n onvrye republiek binnekant die Britse Statebond gevolg moet word.**

### WEGGESKUIF

Die regeringsparty het weggeskuiwe van die ou Nat-standpunt van **verbreking** van die Britse konneksie wat hy in sy opposisiedae gehuldig het, na die ou Sap-standpunt van **handhawing** van die Britse konneksie. Ten aanhore van die V.P.-opposisie het die eerste minister reeds in die parlement getuig hoedat die Britte beslag gelê het op sy gees. Vandag is regeringsparty en opposisieparty albei handhawers van die Britse konneksie èn net die Ossewabrandwag staan nog op die plek waar die regeringsparty in sy opposisiedae gestaan het toe hy nog die Britse konneksie wou knip.

Dit is besonder insiggewend om na te gaan hoedat die nuwe pro-Britsheid hom openbaar in die praktiese stappe wat die regering doen.

### AFWYKINGE

Volgens die eerste minister spandeer Suid-Afrika meer as £100,000 per maand in Korea — nie om teen kommunisme te veg nie. En volgens die minister van verdediging ook nie om teen Sjinese agressie te veg nie. Die vraag is al gevra waarvoor Suid-Afrika dan in Korea veg? **Die antwoord is dat ons oorlogsoogmerke in Korea dieselfde is as Brittanje s'n. En Brittanje wil vrede met die Sjinese kommuniste en agressors hê en hulle 'n plek in die V.V.O. gee in die hoop om sy kapitaalbeleggings in Sjina daardeur te beveilig. Gevolglik mag Suid-Afrika nie teen die kommunisme veg nie, en ook nie teen die Sjinese agressor nie, want dit sal bots met Britse oogmerke in die Verre Ooste.** En dit mag Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse regering nie doen nie.

### GROOTSTE AANDEEL

Op die Londense Verdedigingskonferensie het die Suid-

(vervolg op bladsy 4 kolom 3)

## Van Die Os Op Die Esel

(vervolg van bladsy 2 kolom 5)

Hulle vluggies om die beurt na Buckingham-paleis en Downing-straat hou ons dop, en hoe hulle arm om die nek sit met andere wat gearmd sit met kommuniste. Woorde wek, maar dade trek. As brandwagte vir nog baie andere dinge, en om slapende honde nie wakker te maak nie bly ons voorlopig maar daarvan stil.

### *Wil nie 'n „Royal" Nasionale Party help Stig nie*

Die partyman op straat kan jou vra of daar nog 'n O.B. bestaan omdat die partye se pers wat hy te lees kry dit vir hom onmoontlik maak om iets van die O.B. te verneem. Dit is om die rede dat die offisier so groot geskrik het toe die O.B.-lid van Carolina teenoor hom die opmerking gemaak het van die baie koningsprente aan die muur en elders. Die partye en veral die „Royal"-geworde H.N.P. is ingekerker net soos in 'n Roomse klooster, maar as die brandwagte sonder rumoer of lawaai net wakker bly en wag staan sal jy jou verbaas oor die groot insameling van stemme vir die O.B. wat sal dien as beloning op die dag van 'n algemene verkiesing waaraan die O.B. gaan deelneem. Oor die sogenaamde samesmelting tussen die H.N.P. en A.P. wil ek sê: Die O.B. wil 'n volk bou en nie 'n „Royal" Nasionale Party nie.

### *Engeland moet eers Betaal, dan sal ons Veg*

My leser „Uil," uit Stellenbosch, wat voorheen oor belastings gesels het, kom nou met 'n splinternuwe plan voor 'n dag om die Britse protektorate in die hande te kry. Hy skryf:

Dit is nou waarlik interessant om te sien hoe ywerig ons geword het om die Britse Empire se oorlog in die Midde-Ooste te gaan veg. Ons minister van verdediging sweef tussen hier en Londen om ons dienste aan te bied.

Dink u en u lesers nie dat ons besig is om 'n gulde kans te verloor nie? As Engeland en die Britse Statebond wil gebruik maak van ons dienste moet hulle daarvoor betaal. Gee ons eers Betsjoeanaland, Swaziland en Basoetoland — en dan sal ons help.

Twee keer is ons al met die belofte van hierdie drie Britse kolonies in 'n oorlog van miljoene ponde gesleep. Moet ons dan nou weer op die nooit-betaal-sisteem ons seuns en geld opoffer? Wat dink u daarvan? Ons koop mos die dollar-wapens waarmee ons moet gaan oorlog maak. Waarom sal ons dan nie met Britse kolonies betaal word vir ons dienste nie?

## NATURELLEKERKE TEN GUNSTE VAN SEGREGASIE

**Afgevaardigdes van II Naturelle kerke het in Oos-Londen 'n eenparige besluit aangeneem dat hulle die beleid van apartheid en die wet op groepsgebiede aanvaar.**

**Volgens 'n verklaring van die hoofsekretaris van die kerke, eerw. J. Tyali, voel die kerke dat hulle graag op hul eie wil ontwikkel, en apartheid en die wet op groepsgebiede is noodsaaklik as hulle as afsonderlike kerke moet voortbestaan.**

---

**Die Britse wolbemarkingsraad** het vir sy eerste jaar 'n wins van £13,000,000 getoon. Dit verteenwoordig die verskil tussen die prys wat op veilings behaal is en die wat aan produsente betaal is nadat bemarkingskoste afgetrek is.

## BRITJIES WIL SOMMER LUI-LUI GROOTWORD

**In navolging van hul vaders wat steeds minder en minder wil werk vir meer en meer geld het Britse skoolkinders nou ook begin om 'n „vakbond" van skoolkinders te stig ten einde te agiteer vir 'n vierdaagse skoolweek.**

**Die eerste soortgelyke vakbond is in die arbeidersdistrik Durham gestig waar soveel as 20 persent van die kinders reeds op Vrydae wegbly van die skool. Hulle is hoofsaaklik kinders van mynwerkers.** Skoolhoofde weet nie meer wat om aan te vang nie. Hulle het skoolbeamptes versoek om die kinders aan te keer en in sommige gevalle is dagvaardings teen die ouers uitgereik wat die stokkiesdraaiery oogluikend toelaat. Die enigste gevolg was dat meer kinders by die vakbond aangesluit het.

Waar daar by die ouers aangedring is om briefies aan die onderwysers te skryf waarin verskoning vir die kind se afwesigheid gemaak word, het dit ook nie die gewenste uitslag gehad nie. Een ouer het sommer reguit teruggeskryf: „Ek dink hierdie briefskrywery is sommer pure bog."

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

## VERJAARDAGVIERING

Die amptelike verjaardagviering van ons Kommandant-generaal en die Ossewabrandwag, word vanjaar te Lichtenburg gehou, op Saterdag, 8 September 1951, vanaf 3 nm.

Tussen 2- en 3-uur nm. vertrek ons in groepe vanaf die Afrikaanse Koffiehuis, Scholtzstraat, Lichtenburg, na die feesterrein. Sorg dat u voor 3-uur nm. daar aankom.

Alle belanghebbendes word hartlik uitgenooi na die feesviering.

Daar sal volop skaapvleis, wors en lekker Boeregeregte te koop aangebied word.

**PROGRAM:**

4 nm.: Ontvangs van ons K.G. en mev. Van Rensburg. Vlaghysing. Skriflesing en gebed. Verwelkoming H/G. K. J. H. Behrens.

4.30 nm.: Gesellige verkeer — Verkope, ens.


6.30—7 nm.: Aandete.

7 nm.: Oorhandiging van verjaardaggeskenke en adres aan ons K.G. en mev. Van Rensburg: H/G. D. J. van Rooy, voorsitter van Grootraad.

7.30 nm.: Toespraak genl. Petrus Grobbelaar.

8.15 nm.: Toespraak Kommandant-generaal.

**Kom Seker en Kom Vroeg!**



Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret



**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## BENODIG

**Ongetroude of jonggetroude blanke plaasvoorman.** Moet sober, eerlik en hardwerkend wees, moet met volk kan werk en kennis hê van gemengde boerdery, saai, wingerd, melkery, ens. Goeie salaris volgens kwalifikasies en sal vermeld word by aansoek of persoonlike onderhoud. Persoon wat bang is vir hande-arbeid moet asseblief nie appliseer nie. Aansoek: **J. P. Dürr, Rondevlei, Malmesbury.** 8/8/2

**Onderwyseres** vir drie beginners volgens Goewerments-sillabus. Begin eerste kwartaal 1952. Salaris £30 per kwartaal. Vrye inwoning. Gerieflike huis op plaas. Meld kerkverband. Antwoord **J. F. van der Merwe,** Seramie, Posbus 15, Kaallaagte. 1/8/3B

## GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

## MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte** Suid-Afrikaanse **geneesmiddel vir** Rumatiek, Lendepyn, Heupjig **en verwante** kwale ontdek het, **dat ons 'n gratis** proefmonster **aan enige lyer sal stuur.** — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., **aan:** ANDREWS SE PYNPLEISTERS, **Posbus 775, Pretoria.** 6/12/5

## MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde **Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435**

*Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!*

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

**WONDERLAND VIR REISIGERS**



Wie van ons het nie as kind die stuurwiel van die fantasie gegryp en tot anderkant die blou berge gaan ry nie? En wie het nie al probeer om na wonderland te reis en die reis self 'n wonderland gevind nie?

Dit geld veral vir ons wat die uitgestrekte velde, bosse en berge onder die wye hemel het om te deurreis.




Dit is dan ook paslik dat die groot vervoerstelsel wat per spoor, met die pad en in die lug aan ons behoeftes voldoen, aan ons moet behoort.

**SUID-AFRIKAANSE** SPOORWEË - LUGDIENS PADMOTORDIENSTE

# KONING HET NOG ALTYD VERKIESINGS GEWEN

(Vervolg van bladsy 3, kolom 3)

Afrikaanse minister van verdediging groter verpligtinge, veral glo ten aansien van die Middel-Ooste aanvaar as enige ander suster-koninkryk. **Dit beteken dat as Brittanje 'n olie-oorlog in Persië gaan ontketen, net soos hy in 1899 'n goud-oorlog in Suid-Afrika ontketen het, dan sal lojale Suid-Afrika Perse moet gaan skiet net soos lojale Australië, Kanada, Nu-Seeland en ander susters, destyds Boere in Suid-Afrika kom skiet het.**

Ons hoor ook deesdae dat die minister van verdediging besig is om vir Suid-Afrika 'n eie vloot op te bou. Dit blyk dat Brittanje nie kan bekostig om al sy skepe op see te hou nie, en dat hy verplig is om sommige in tuishawens op versterkwater te hou — tot verswakking van die Britse vloot. **Weer tree lojale Suid-Afrika in die bresse. Die minister van verdediging koop die Britse skip,. betaal kontant daarvoor en betaal tewens om die skip op die see te hou, en as Brittanje oorlog maak is die skip deel van sy vloot! Hierdie hulpverlening verhoed dat die Statebonds-vloot verswak. In die praktyk beteken dit dat die Britse vloot sy sterkte handhaaf op koste van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler.** Enige Sap-regering sou trots gewees het op sodanige lojale hulpverlening aan Brittanje.

## VASGEBIND

As gevolg van die nuwe aanvaarding van die Britse konneksie en van die prysgawe van die afskeidingsideaal is Suid-Afrika vandag opnuut op politieke gebied aan Brittanje vasgebind en op militêre gebied is ons land ingeweef by die Britse Statebond.

Totale apartheid die enigste waarborg vir die handhawing van die blanke heerskappy en die enigste alternatief vir uiteindelike gelykstelling is reeds deur die regering verwerp. Die ekonomiese integrasie van die naturel en die nie-blanke in die blanke samelewing is aanvaar. **Dit is die beleid van die Sap en die kapitalis waarteen nasionale Afrikaners jarelank gewaarsku en gestry het.** Dit moet onthou word dat apartheidsmaatreëls ten aansien van treine, poskantore, bloedvermenging en selfs kieserslyste nie voldoende is om die blanke heerskappy te handhaaf as die beleid van ekonomiese integrasie — wat die tradisionele Britse ekonomiese beleid vir Suid-Afrika is — voortdurend die gemengdheid van ons samelewing vermeerder en die blanke man se afhanklikheid van die nie-blanke vergroot nie.

## GEVAARTEKENS

Ek het vir u gevaartekens opgenoem wat geen Afrikaner durf veronagsaam nie. **Die Ossewabrandwag sal sy plig versuim as hy nie alarm maak en 'n waarskuwende stem laat hoor nie.**

**Dit blyk dat ons land se politieke patroon vandag dieselfde is as wat dit in 1912 was, met die Verenigde Party in die rol van die destydse Unionistiese Party en die Herenigde Party in die rol van die destydse Suid-Afrikaanse Party en die Ossewabrandwag in die rol van die destydse Nasionale Party. Dit is merkwaardig hoedat hierdie politieke patroon homself gedurende die afgelope veertig jaar in ons land herhaal het.**

## ELKE KEER HERHAAL

In 1910 het die Afrikanerbond van Kaapland, Het Volk van Transvaal en die Oranje Unie van die Vrystaat saamgesmelt om die Suid-Afrikaanse Party te vorm. **Dit was die nasionaalgesinde party van destyds.** Die Unionistiese Party was die empire-gesinde party. **Twee jaar nadat wyle genl. Botha die bewind aanvaar het, in 1912, moes wyle genl. Hertzog sy kabinet verlaat as protes teen die regering se verbritsing en moes hy 'n eensame nasionale stryd begin voer.**

In 1924 het die Nasionale Party aan bewind gekom en slegs twee jaar later in 1926 het genl. Hertzog na die Britse Empire-konferensie gegaan. Hy het teruggekom as 'n hoogstevrede man met die Britse Empire, want hy het soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika gekry. En dr. Malan was so tevrede met die Empire dat hy sy berugte stelling dat Brittanje „die moeder van ons vryheid" is, uitgejuig het. **Maar versiende lede van die volk was nie so tevrede nie en die Republikeinse Bond het in hierdie jare ontstaan.**

## JONGSTE OMMESWAAI

In 1948 het die H.N.P. aan bewind gekom en slegs tien maande later het ook dr. D. F. Malan die konferensie van eerste ministers van die Britse Statebond in Londen gaan bywoon. **En ook hy het 'n hoogs tevrede man teruggekeer, want Suid-Afrika het nou die reg gekry om 'n republiek binnekant die Britse Statebond te word.** Sedert sy bewindaanvaarding het dr Malan verder gegaan as wat enige leier in Suid-Afrika nog ooit gegaan het. Hy het nie alleen 'n pleitbesorger van die Britse konneksie geword nie, **maar hy het ernstige pogings aangewend om die afskeidingsideaal uit die Afrikaner se republikeinse strewe te sny en dit te vervang deur 'n vervalste soort republikanisme wat gewillig is om die Britse konneksie te handhaaf.**

## SAMESMELTING VOLG ELKE KEER

Wyle genl. Botha se sogenaamde konsiliasiebeleid van 1910 en 1912 het die uitwissing van die verskille tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Unionistiese Party ingelui en dit het uitgeloop op die samesmelting tussen die twee partye.

Wyle genl. Hertzog en dr. Malan se hoogs tevredenheid met die Britse Empire in 1926 het ook gelei tot die uitwissing van verskille tussen Nat en Sap en het ook uitgeloop op die samesmelting van die twee partye.

**En dit is 'n bekende feit dat die proses van uitwissing van verskille tussen die huidige regeringsparty en sy opposisie reeds aan die gang is.**

## OORSAAK

Wat is die oorsaak dat die politieke patroon wat in 1912 ontwerp is homself voortdurend in ons land herhaal? Waarom verbrits die nasionale politieke partye almal nadat hulle aan bewind kom? En waarom vind daar gedurig samesmeltings plaas tussen die nasionale politieke party-aan-bewind en die empire-gesinde politieke party-in-opposisie? En waarom moet die nasionale Afrikanerdom elke keer van vooraf 'n nuwe stryd begin voer vir die verwesenliking van sy ideale?

**Die antwoord op hierdie vrae is voor die hand liggend. Geen nasionale politieke party wat die mag in die hande gekry het, het nog ooit daardie mag gebruik om 'n republikeinse bewind daar te stel nie. Elke keer nog het die nasionale politieke party slegs sy stembus-oorwinning gebruik om as plaasvervanger van die empire-party wat 'n stembus-nederlaag gely het op te tree. Elke stembus-oorwinning wat nasionaliste in ons land behaal het, het nog altyd beteken dat 'n anti-empire-opposisie omgeskep word in Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse regering. Sy Majesteit het nog nooit 'n verkiesing verloor in Suid-Afrika nie. Die koning het slegs maar nuwe draers van sy gesag gekry.**

## NOG NOOIT POLITIEKE STRYD

Dit is betekenisvol dat die Afrikanervolk verskeie kere 'n militêre stryd teen Sy Majesteit gevoer het. **Maar nog nooit het die Afrikanervolk 'n politieke stryd teen Sy Majesteit gevoer nie. Hoewel duisende Afrikaners alreeds die wapen opgeneem het vir die republiek, het geen enkele Afrikaner nog ooit die geleentheid gehad om 'n kruisie te trek vir die republiek nie. Alleen wanneer daar kruisies getrek word om die President se regering daar te stel in plaas van Sy Majesteit se regering sal die herhaling van die politieke patroon van 1912 uitgeskakel word.**

## O.B. SE PLIG

Daar kan geen misverstand wees oor die plig wat die Ossewabrandwag het om te vervul nie. **In die eerste plaas moet die Ossewabrandwag die nasionale en republikeinse leemte wat deur die verskuiwing van die politieke partye veroorsaak is, ten volle inneem en in die tweede plaas moet die Ossewabrandwag met elke middel 'n nuwe stryd aanknoop wat onmisverstaanbaar moet uitmond in die daarstelling van die President se Suid-Afrikaanse regering. Die O.B. is histories aangewese om die finale oorwinning vir die Afrikanervolk te behaal.**

# BRAAIVLEIS-AAND

## VRYDAG 10 AUGUSTUS

om 7-uur nm. op die plaas van Komdt. C. P. J. DU TOIT, **HOUTBAAI, Pk. Malanstasie**

Vergadering 8-uur nm.

Spreker: Dr. F. D. du T. VAN ZYL,

BRAAIVLEIS GRATIS!

Alle offisiere, Brandwagte en vriende word hartlik uitgenooi:

U word versoek om Komdt. Du Toit te verwittig per telefoon (Nr. 6811 Wellington), of andersins, indien u die braaivleis sal bywoon.

# SAL DIE DUITSERS VEG?

**Sedert die vraag oor die medewerking van Wes-Duitsland in die verdedigingstelsel van Wes-Europa, opgedaag het is dit 'n raaisel wat die Duitse volk se houding oor die herbewapening is.**

**Die besettingsmagte en die regering van Bonn publiseer net wat vir hulle wenslik is, en die Duitse pers is oor die tema „verdediging" in bande gelê. Die pers van die regeringspartye is natuurlik baie besig om die Duitse volk vir die herbewapening te interesseer.**

**Een groot voordeel vir die besettingsmagte en die regering van Bonn is die groot getal werklose manne en vlugtelinge uit die Ooste. Hoë en stafoffisiere het jare lank geen pensioen ontvang nie. Hierdie ekonomiese toestand het offisiere en manne gedwing om aansoek te doen om by die nuwe leër aan te sluit.**

Maar dit is nie die regte maatstaf vir die gedagte en geesdrif van die Duitse volk nie.

Een Duitse weekblad, „Der Spiegel," het die moeite gedoen en vraelyste aan universiteite en fabrieke gestuur om die regte stemming van die volk te verkry.

(Ons druk die resultaat van die Vrye Universiteit Berlin hier afsonderlik af.—RED.).

Ons kan in die eerste plek vasstel dat die studente van Berlin die opmars van die Bolsjewisme as 'n ernstige gevaar beskou en bereid is om met wapengeweld dit teen te gaan.

Van beslissende betekenis is egter dat ondanks die nadruklike erkenning van die dodelike gevaar van die bolsjewisme, die studente van Berlin onder geen omstandighede die „leuse van Bonn" van 'n „onvoorwaardelike deelname" saam met die Anglo-Amerikaners voorstaan nie.

Slegs 7.8% is vir Adenauer (alias Anglo-Amerikaners) en 68.3% verklaar dat hulle alleen kan deelneem indien die nasionale belang dit vereis.

Dit is vir die bondskanselier Adenauer 'n morele neerlaag.

### DRIE RIGTINGS

Daar is egter in Duitsland 3 rigtings wat die vraag van Duitsland se herbewapening, in die openbaar uitveg.

Die eerste rigting is: Die regeringskoalisie onder leiding van dr. Adenauer en sy Katolieke Party wat alte graag en sonder 'n voorwaarde vir die Anglo-Amerikaners en teen die Russe wil veg.

Die Katolieke Party het van die begin van sy stigting af 'n afsonderlike politiek gevoer. Sy politiek was altyd deur die Vatikaan beïnvloed, daarom het die volk hom die naam van die „Roomse" gegee.

Vir die Duitse volk is dr. Adenauer bekend as 'n medewerker van dr. Dorten, die voormalige leier van die Ryniese separatisme in die jaar 1919. Nadat die Duitse volk die oorlog van 1914/1918 verloor het, is in 1919 deur 'n groep katolieke leiers 'n politieke beweging gestig met die doel om die Duitse land wat geleë is aan die linker oewer van die rivier Ryn, van Duitsland af te skei en 'n Ryniese Republiek te stig.

Die Duitse regering kon wet-

## Deur Ski

lik niks teen die beweging doen nie en die mense wat vir die beweging verantwoordelik was, is deur Franse wette, troepe en polisie beskerm.

Toe neem die oud-soldaat, eerste luitenant Albert Leo Schlageter, die wet in sy hande en organiseer 'n teenwig teen die separatisme en teen die Franse besettingsmag.

Die „Wiederstands - Gruppe" (weerstandgroepe) het net uit 20 manne bestaan, maar die hele Duitse volk het moreel en in geesdrif agter Schlageter gestaan (Die skrywer van hierdie artikel was 'n persoonlike vriend van Schlageter en was 'n lid van die Weerstandgroep).

'n Aantal van die separtistiese leiers is gedood en die hoofleier, dr. Dorten, vlug na Frankryk. Dr. Adenauer het gou-gou separatisme afgesweer en so is die kommando wat vir hom gereed gestaan het, teruggetrek.

Wel is Albert Leo Schlageter deur die Franse troepe doodgeskiet, maar die Ryniese separatiste het verdwyn en Frankryk moes die Ruhrgebied laat vaar.

Teenswoordig probeer dr. Adenauer, sonder voorwaarde, die „Hessen" (mense-materiaal) aan die Anglo-Amerikaners te lewer.

### TWEEDE GROEP

Die Tweede Groep is: Kommuniste, sekere predikante en regsradikales. Die groep is bekend as „Die Wiesbadener Friedensrüfer." Hy eis onvoorwaardelike neutraliteit, en word gesteun deur die Oos-Duitse Sowjet-Republiek.

Die groep is geen politieke eenheidsmag nie; nogtans het hy baie aanhangers sowel in kommuniste as in regs-radikale party en byvoorbeeld die sosialistiese Ryksparty met sy leier generaal Remer. Andere regsradikale politici is Joachim von Ostau, priester, dr. Gereke en prof. Noach, wat die geesdrif agter die Wiesbadener Friedensaüfrüf is. Laasgenoemde is die hoof van die groep. Hy was voor die oorlog 'n gesant in Moskou en staan met Stalin in verbinding. 'n Ander vooraanstaande persoonlikheid is eerw. Niemöller wat die Wiesbadener Friedensaüfrüf op etiese gronde motiveer. Hy is ook van mening: liewers die Russe in Berlyn as die Amerikaners.

### DERDE GROEP

Die derde groep staan onder die leuse:

**Von Aachen bis Beuthen,**
**von der Memel bis zur Saar —**
**Deutschland,**
**Deutschland Immerdar!**

Die groep staan onder leiding van dr. Strasser en eis die grense van 1938 vir Duitsland as voorwaarde vir die bereidwilligheid om vir die Amerikaners te veg.

Sy tweede eis is die vryheid vir die Duitse volk en die gelykberegtiging, as 'n nasie, in die bond van volke.

Die derde eis is die herstel van die eer van die Duitse leër.

Die Duitse oud-soldate het in koerante en pamflette verskeie kere aan dr. Adenauer en McClay, die Amerikaanse hoëkommissaris gevra: Waarvoor sal ons dan veg? Hulle stem met die nasionale Strasser-groep ooreen, soos blyk uit onderstaande aanhaling uit 'n vlugskrif:

Die vyand van gister wat ons met hul moordenaars en slagters beskimp het — die vyand wat van ons die onvoorwaardelike oorgawe afgedwing het — verlang vandag van ons om vir hom te veg, te sterwe.

Gister nog het die vyand miljoene van ons broers en susters van huis en hof verjaag, miljoene vermoor en vermorsel.

**Vandag vra hy ons om by hom verby te marsjeer en hom te groet met die woorde:**

**Ave Caesar, morituri te salutant.** (Wees gegroet, Caesar, jou sterwendes groet jou!)

**Nee, mnr. die Oorwinnaar, dit moet u uit u gedagte verban.**

**Ons erken dat die Asiatisme 'n groot gevaar vir die Westerse beskawing is. Maar dit was julle politiek en julle leër wat die Russe gehelp het om die Westerse beskawing te bedreig.**

Waarvoor sal ons Duitsers dan veg? — Vir die roof van die Saar? Vir die behoud van die Oder-Neisse-grens? Vir julle verdrywing van 15 miljoen Duitsers? Vir julle vernietiging van ons fabrieke? Vir julle leuens, nl.: Ons veg nie teen die Duitse volk nie, ons veg alleen teen Hitler en sy sisteem!

Vir julle Atlantiese Handves wat julle nooit in werking gebring het nie?

**Maar onder voorwaardes sal ons miskien veg. Ons eis:**

**(1) Herstel van die grens van Duitsland soos in die jaar 1938.**

**(2) Gelyke beregtiging, as 'n nasie, in die bond van volke.**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**(3) Herstel van die eer van die Duitse leër.**

As julle gewillig is om aan die eise te voldoen, is ons bereid om weer wapens te dra en te veg — vir Duitsland.

**En sterwe? Vir die vryheid van ons volk, vir die veiligheid van ons kinders — ja graag, want Duitsland is ons geloof, en die hernuwing van Duitsland ons einddoel.**

# L.V.'s Moet Hulself Nie Bevoorreg, Sê Britse Komitee

**'n Britse parlementslid het by die laerhuis 'n klag ingedien teen die polisie omdat hulle hom onder weg na die parlement „vertraag" het. Die uitspraak van die laerhuiskomitee was dat 'n parlementslid nie bo die wette van 'n land staan wat vir gewone burgers geld nie, maar dat hy miskien juis meer strenger daaraan onderhewig is weens sy posisie.**

**Dit is 'n tydige uitspraak van die „moeder van parlemente," want daar het in die jongste tyd al meer die neiging by parlementariërs ontstaan om hulself bo die gewone landswette te verhef.** In ons eie land was daar die geval 'n paar jaar terug, tydens 'n groot vleisskaarste, toe 'n parlementslid in die volksraad voorgestel het dat parlementslede vrygestel moet word van die vleisbeheermaatreëls, sodat hulle regstreeks van plase vleis kan bestel. Op daardie tydstip het parlementslede wat in die parlementseetkamer hul maaltye genuttig het, nog soveel as drie verskillende soorte vleis op hul borde gekry toe gewone burgers tevergeefs moes toustaan vir 'n stukkie varkvleis.

Hierdie neiging het so vinnig ontwikkel dat parlementslede hulself tydens die afgelope sitting verhef het bo die lewenskoste-maatreëls van die land deur hulself 'n veertig persent verhoging toe te ken. Daarby het dit ook nog nie gebly nie. Hulle het hulself ook bo die inkomstewette verhef deur aan hulself 'n belastingkorting van 50 persent toe te staan.

# HOE STUDENTE OOR OORLOG DINK IN DUITSLAND

**Wat in die Duitse gemoed omgaan, word weerspieël deur onderstaande antwoorde wat deur die studente van die Vrye Universiteit Berlyn gegee is om 'n vraelys van Der Spiegel.**

Vraag 1: Geld die beginsel wat 'n enkeling toelaat om sy lewe en vryheid te verdedig net so onbeperk vir 'n volk in 'n ware noodtoestand?

Antwoord: Ja, 88.6 persent. Nee, 8.4 persent.

Vraag 2: Beskou u dat so 'n noodtoestand vir die Duitse bestaan weens die opmars van die Bolsjewisme in Europa?

Antwoord: Ja, 92 persent; Nee, 4.7 persent.

Vraag 3: Dink u dat deelname van Duitsland aan die verdediging die regte middel is om die noodtoestand die hoof te bied?

Antwoord: Ja, 78.6; Nee, 16.4 persent.

Vraag 4: Moet die bydrae tot die verdediging gelewer word

(a) ná die skepping van 'n verenigde Europa?

Antwoord: Ja, 43.6 persent; Nee, 36 persent.

(b) ná die volledige herstel van die politieke en ekonomiese regsposisie van Duitsland?

Antwoord: Ja, 73.7 persent; Nee, 14.5 persent.

(c) Sonder enige voorbehoud?

Antwoord: Ja, 7.8 persent; Nee, 68.3 persent.

Vraag 5: Moet die Duitse bydrae geskied in die vorm van

(a) 'n selfstandige Duitse bondsleër in die kader van 'n Europees - Atlantiese verdedigingsmag?

Antwoord: Ja, 50.4 persent; Nee, 35 persent.

(b) Klein Duitse afdelings onder Geallieerde bevel?

Antwoord: Ja, 2.9 persent; Nee, 72 persent.

Vraag 6: Moet na u mening Duitse troepe saamgestel word uit

(a) Vrywilligers?

Antwoord: Ja, 69 persent, Nee, 16.5 persent.

(b) Algemene diensplig?

Antwoord: Ja, 22.5 persent, Nee, 65 persent.


*TEVERGEEFS HET HULLE GEWAG . . .*

**Pappie het nie weer gekom nie**



Gereeld het hulle smiddags laat vir Pappie ingewag en hom by die hek gaan haal—'n óu gewoontetjie van hulle.

Dié noodlottige dag het hulle weer soos op ander dae gewag . . . maar tevergeefs. Iemand het naderhand met die treurige tyding gekom— „'n ongeluk . . . . hospitaal-toe . . . te laat!"

Nou was dit nét hulle—die weduwee en haar vaderlose kinders.

Pappie se liefde en sorgsaamheid sou egter nou nog 'n troos vir hulle wees: die Weduwees-Pensioenpolis wat hy 'n paar jaar tevore by Sanlam uitgeneem het, sou voortaan vir hulle sorg . . . .

● **Sou U ook nog kan sorg, al is u self nie meer daar nie? Of is hulle nog blootgestel aan die gevaar van behoefte as u sou wegval? Vra VANDAG hoedat Sanlam vir u en hulle kan beskerm.**

●

**Suid-Afrikaanse Nasionale Lewensassuransie-Mpy. Bpk.**

*Hoofkantoor:*
Waalstraat 28, Kaapstad.
Takke en Agentskappe Oral.

**Daar is altyd uitkoms by Sanlam!**

SANLAM

**Sanlam, Afdeling 17c, Posbus 660, Kaapstad.**

*Laat my asb. dadelik weet hoe u my kan help om vir 'n toereikende Weduweespensioen voorsorg te maak.*

NAAM: ..............................

ADRES: ..............................

..............................

*Beroep:* .............. *Ouderdom volgende Verjaarsdag:* ...... 53

# DISKRIMINASIE-ARTIKEL IN NUWE PARTY OPGENEEM

(Vervolg van bladsy 1, kolom 5)

**VAL O.B. DAARONDER?**

Die vraag kom nou op: Maar is die Ossewabrandwag so 'n organisasie met 'n politieke strekking?

Daar kan maar net een antwoord hierop wees, en dit is: „Ja." Die grond vir hierdie antwoord is:

(1) Dr. Malan het op 3 Oktober 1941 die Ossewabrandwag tot 'n „politieke organisasie" verklaar, en dienooreenkomstig sy partylede versoek om uit die O.B. te bedank, en in 1945 het hy op grond van hierdie verklaring alle partylede wat nog nie uit die O.B. bedank het nie, uitgeskop. **Verder het sy partykongres op 26 Oktober 1948 te Port Elizabeth die reeds genoemde klousule woordeliks, soos dit nou daar staan, in die partykonstitusie heropgeneem, en op grond daarvan het dr. Malan in 1949 geweier om Afrikanerpartykandidate wat ook lid van die O.B. is vir die provinsiale raadsverkiesing te aanvaar.**

Elke O.B.-lid is dus bewus van die feit dat dr. Malan, wat waarskynlik die hoofleier van die nuwe party sal wees, die O.B. as 'n politieke organisasie beskou.

(2) Voorts is dit ook 'n feit dat die O.B. hom beywer vir 'n republiek met 'n regeringstelsel ooreenkomstig die skeppinge van die Afrikanervolk. Hoewel die beweging in die verlede nog nooit op parlementêre terrein vir die bereiking van hierdie ideaal geveg het nie, is dit nietemin 'n ideaal van politieke — hoewel nie partypolitieke — aard. **Die O.B. is dus geen partypolitieke organisasie nie, maar seer seker 'n organisasie met 'n (volks-) politieke strekking.**

**MAG HY ONTKEN?**

**So beskou, ontstaan die verdere vraag of 'n O.B.-lid dit met sy gewete kan rym om 'n verklaring te onderteken waarin hy ontken dat hy lid is van 'n organisasie met 'n politieke strekking?** En indien hy dit tog so onderteken, sonder dat hy uit die O.B. bedank, wat sal sy posisie binne die nuwe party wees? **Sal hy deur die hoofleiding of sy mede-lede op grond daarvan verwerp word indien hy hom byvoorbeeld as ampsdraer of kandidaat van die party verkiesbaar stel?** Indien ja, dan is hy mos onderhewig aan diskriminasie op grond van sy O.B.-skap?

**TWEE MOONTLIKHEDE**

Die beginselgrondslag waarop die samesmelting sal plaasvind, is nog nie finaal bekend nie. Ten opsigte daarvan kan 'n O.B.-lid dus vanselfsprekend nog nie besluit of hy by die nuwe party wil aansluit nie, maar bloot afgaande op die vraag van toelaatbaarheid as lid, skyn daar op grond van hierdie klaarblyklike diskriminasie-klousule net twee moontlikhede te wees: **O.B.-lede sal òf uit die O.B. moet bedank òf hulle sal uitgesluit moet bly van die nuwe party.**

**ONTBINDING?**

Die logiese vraag wat hierop volg, is: Maar as 'n groot deel van die nasionale Afrikanerdom dan ter wille van die Ossewabrandwag se voortbestaan daarvan uitgesluit word om hul bydrae op parlementêre gebied te lewer, is dit nie beter dat die Ossewabrandwag dan maar ontbind nie?

**Dan kan alleen sprake van ontbinding van die O.B. wees indien daar genoegsame waarborg bestaan dat die ideale wat hy nastrewe deur 'n ander organisasie, byvoorbeeld die nuwe party, ten volle aanvaar en net so bevredigend gepropageer word as wat die Ossewabrandwag dit doen.**

**REG VAN ORGANISASIE**

„Vryheid van assosiasie" is een van die toorwoorde van die demokrasie. Dit is die reg wat mense met enerse beginsels en beskouings het om hulle in 'n organisasie te verenig vir die handhawing of bevordering van hul standpunt. Die Ossewabrandwag is so 'n organisasie van onder meer republikeine, en as enige party aandring op sy ontbinding, dring hy terselfdertyd aan op die verswakking van die republikeinse ideaal, **tensy daardie party onderneem om dit net so goed en volhardend te bepleit as die bestaande organisasie.**

**Hierdie versekering het die O.B. op die oomblik nog nie. Inteendeel, die rigting wat die hoofleiding van die H.N.P. in die afgelope twee jaar ingeslaan het, druis lynreg in teen ons tradisionele Afrikanerstrewe. Solank hierdie koers voorgestaan word deur mense wat die leiers van die nuwe party sal wees, kan niemand — en allermins hulle — verwag dat die Ossewabrandwag moet ontbind.**

**WAT DAN?**

As sy lede nie in die nuwe party opgeneem mag word nie omdat verhoed moet word dat hulle binne die party 'n „pressie-groep" ten behoewe van byvoorbeeld die suiwere republikeinse ideaal vorm, dan ontstaan die vraag of die Ossewabrandwag, wat nog altyd die nasionaalgesinde partye as sy parlementêre medewerkers beskou het, nie in daardie geval verplig word om toe te sien dat sy lede op parlementêre gebied 'n organisasie ontvang waarmee hulle vir die daadwerklike bereiking van hul ideale kan veg nie. **Hulle kan immers nie met hul ideaal in die lug bly hang nie.**

# POLITIEKE STRYD

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

**ring kritiseer as hy vir die volk nie 'n republiek wil verkry nie of as hy een binne die Britse Statebond bepleit en soek soos dr. Malan nou doen; of dit op die Britse partystelsel wil grond soos die Nasionale Party-organe beduie.**

Ons kan sonder vrees vir aantasting of uitskopping in 'n veiliger posisie as republikeine binne die party vir 'n republiek agiteer of sonder vrees vir verloëning vir die volk prontuit sê dat die regering se apartheidsbeleid in sekere opsigte indien nie illusies nie, dan domme stappe is wat verskriklike gevolge vir ons blankes kan hê. **Ons kan aan die volk verduidelik dat die Wet op Groepsgebiede tot gevolg gaan hê dat Kafferland met sy hele inhoud „gedump" gaan word in naturellebuurstede teenaan ons groot blanke tuistes. Ons gaan 'n Swart Kaapstad naas 'n Wit Kaapstad hê met al die inwoners van die eertydse Kafferland in die strate en openbare plekke van laasgenoemde.**

**IMPERIALISME**

Ons kan en moet wat die partylid nie kan nie, die imperialistiese beleid van die huidige regering veroordeel (net soos hy dié van Smuts veroordeel het) weens sy deelname aan buitelandse oorloë daar baie ver, verder as wat wyle genl. Smuts ooit aan gedink of van gedroom het, daar waar S.A. geen belang of bedreiging hoegenaamd ooit kan ondervind nie. Ek bedoel Korea wat sulke groot offers van ons puikste vegloodse en miljoene ponde reeds geëis het. **Ons kan en wil die toesegging van die grootste onderneming van alle Statebondslande om oorlog vir die Empire in die Midde-Ooste te voer, veroordeel. Ek doen dit nou. Die partyman durf nie.** Ons kan en moet die regering waarsku dat hy nog geen positiewe en oorwoë ekonomiese rigtinggewende plan het nie en ons stuurloos op die wilde see van internasionale spekulasie en gekneie ronddobber.

**Ons kan en moet altyd en oral agiteer vir die christelik-nasionale republiek buite die Britse Statebond wat 'n lid van die party nie durf doen nie sonder om ge-strydom te word!**

**REPUBLIKEINSE KANDIDATE**

**Maar ons sal ook gouer of later, miskien gouer as wat gedink word, kan kies tussen nasionaalgesinde kandidate wat die kwessie van 'n republiek en die soort van republiek 'n praktiese verkiesingsaak maak en die wat dit ontduik.**

U en my posisie in die volk se verlossingstryd en u en my plig en plek in die volkspolitiek is vandag nie alleen baie duideliker nie, maar ongetwyfeld makliker en aangenamer — vryheid om oral waar en wanneer nodig op te tree volgens ons eie vrye wil en gewete tot beswil van volk en vaderland, los van partydwinglandy.

U plek waar dit is en u plig waar die roep, sal nou beter deur die volk begryp word en eerlank sal verstaan word waarom u lid van die volksbeweging en nie van die party is nie.

**Ek is bly om 'n vrye lid van die Ossewabrandwag te kan bly sonder enige gewetenskwellende partybande en desvereisend enige party of regering te kan steun of veroordeel, en wat alleen een reguit pad ken, die wat lei na die volksrepubliek waarvoor reeds soveel offers gebring is en nog gebring sal word.**

**„Wees net sterk en vol moed."**

# O.B.-LEDE WIL VEG VIR IDEALE

**Mnr. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die Ossewabrandwag in Kaapland, het verlede week teruggekeer van 'n reis deur die hoofgeneraalskap van mnr. De Wet Strauss. Hy het eers die kommando op Kenhardt besoek en daarna al die kommando's in die generaalskappe van dr. F. M. Joubert en mnr. Jan Gouws. Hy het vergaderings toegespreek op Kenhardt, Rhenosterkop, Kakamas, Keimoes, Kanoneiland, Upington, Wilgenhoutsdrift, Wegdraai, Buchuberg, Niekerkshoop en Groblershoop.**

**Mnr. Laubscher vertel dat offisiere en brandwagte oral daarop aandring dat die O.B. nie net sy ideale moet bely nie, maar daadwerklik daarvoor moet veg, sodat die tasbare hulp van goedgesindes verkry kan word om dit te verwesenlik.** Hy vind weinig belangstelling in die samesmelting van die politieke partye. O.B.-lede verwag dat die diskriminasie teen hulle gehandhaaf sal word — so nie by wyse van formele kongresbesluite nie, dan tog in die praktyk. Voorts verwag O.B.-lede allermins dat die nuwe party onder leiding van dr. Malan en mnr. Havenga die kampvegter van republikanisme in S.A. sal word, of dat hy gebruik sal kan word om die nodige staatkundige en ekonomiese hervormings teweeg te bring.

Mnr. Laubscher verklaar dat O.B.-lede slegs belangstel in die Ossewabrandwag wat die wil het om te veg.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# KAAL VROU TE PERD NUUTSTE SENSASIE IN BRITTANJE

**Min dinge toon soseer die verval van die Westerse beskawing as die uitbuiting van die vrou deur 'n sensasie-beluste mensdom. Die magdom van sogenaamde „koninginne" op byna elke afdeling van menslike bedrywigheid—van lente- tot wolkoninginne—kan nie meer genoegsame bevrediging bied nie. Gevolglik word nou tot die onbeskaamdste uiterste gegaan in die poging om die vroulike liggaam as feestelike aantrekkingskrag te misbruik. Die jongste gier in Brittanje is naamlik om nakende vrouens deur die strate te laat ry.**

Die oorsprong van hierdie gier wortel in 'n legende aangaande 'n Britse lady Godiva wat 900 jaar gelede die stad Coventry van 'n boetegeld sou gered het deur aan die voorwaarde te voldoen van haar man, die graaf, om nakend deur die strate te ry. Die legende wil egter dat alle mans verbied was om tydens die rit op straat of by 'n venster te verskyn.

**'n Paar maande gelede het die inwoners van Coventry hierdie beweerde heldedaad herdenk deur 'n mooi meisie kaal op 'n perd, gelei deur twee nonne, deur die straat te laat ry. Terwille van die openbare sede is sy darem geklee in 'n vleeskleurige „badkostuum" van netmateriaal, d.w.s. heeltemal deursigtig. Foto's van die „lady" in hierdie toestand, met oopmond-kinders langs haar op die straat, het ook in die dagbladpers van ons land verskyn.** Dit was egter nog maar die begin.

**NOU ORAL**

Uit Londen word nou berig dat „om lady Godivas op 'n kermis te laat ry, vandag die mees aantreklike nommer skyn te wees wat enige ondernemingsgesinde dorp kan verskaf."

So 'n bekoring het hierdie kaalvrou-kultuur vir die Britse wêreld dat selfs Australië nie meer kan wag om sy „lady Godivas" te ontklee nie. Twee Australiese dorpies, Dubbo en Young, het 'n paar weke gelede besluit om feeste te hou (ter herdenking van hul stigting) waar die sentrale figure 'n lady Godiva sal wees. **Laasgenoemde dorpie, met slegs 4,000 inwoners, wil nie eers daarvan hoor dat hul „lady" 'n rafel klere aan haar liggaam moet hê nie. Sy sal sonder 'n draad, net met haar hare bedek, op die perd klim.**

In Brittanje laat die een dorp na die ander nou tydens die Britse feesjaar ongeklede vroue in die strate ry. Een dorpie, Saffron, se meisies was gelukkig darem nog beskroomd genoeg om hulle nie vir so 'n dekadente skouspel te leen nie. **Die organiseerders het toe maar 'n ou man van 60 jaar oorgehaal om kaal deur die strate te ry met 'n lang vroue-pruik op sy kop!** Hy het ewe skaamteloos verklaar dat hy „elke minuut" daarvan geniet het.

# Britse Immigrante Is Las Op Landsekonomie

**Britse immigrante lewer die kleinste bydrae tot die Australiese ekonomie ondanks die feit dat hulle voorkeur geniet, het die Australiese minister van immigrasie, Harold Holt, verlede week gesê.**

Hy het gesê dat hulle nie na besondere bedrywe gerig kan word nie, en met die gemiddelde gesin van vyf stel hulle die grootste eise aan die land se bronne.

**Australië het dan ook sedert 1947 30,000 meer immigrante van nie-Britse lande af ingevoer as uit Brittanje.**

Suid-Afrika, egter, verkies nog steeds Britse immigrante bo alle ander. Van die totale aantal immigrante wat ons land verlede jaar binnegekom het, was 47 persent afkomstig uit Brittanje.

# Vryheid Verloor 'n Krag

Mnr. Jurie Johannes Labuschagne van Denny Dalton is op 9 Junie in die ouderdom van 56 jaar in die hospitaal op Vryheid oorlede.

Hy is op 21 Februarie 1895 in die distrik Vryheid gebore, en was as jong man in die staatsdiens werksaam tot in 1937. Hy het hom toe op die plaas Slakhoek gaan vestig en was 'n hele aantal jare offisier van die O.B. en voorsitter van die Laeveldse Boerevereniging. In 1929 is wyle mnr. Labuschagne getroud met Maria Magdalena Spies wat sy heengaan alleen betreur. Op 11 Junie is hy ter aarde bestel te Vryheid. Proponent Botha het in die Ned. Herv. of Ger. Kerk die rede gevoer, en ds. Blignault, van Babanago, en oom Manie Potgieter by die graf.

'n Groot getal het hul laaste eer aan die gewilde ontslapene kom betoon.—(Ingestuur.)

**Kanker het vir blankes een van die grootste en dodelikste plae in ons tyd geword, en in die Unie het die blanke sterftesyfer wat hierdie siekte betref van 1920 af tot 1948 byna verdubbel.** In 1920 was die sterftesyfer 58.87 per duisend, en in 1948 het dit tot 112.72 gestyg.